education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## GESKIEDENIS V2

## MODEL 2007

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

## WATTER IMPAK HET EUGENETIKA OP PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSISME GEHAD?


### BRON 1A

Charles Darwin se neef, Francis Galton, het 'n nuwe tak van wetenskaplike ondersoek ontwikkel wat op die evolusieteorieë gegrond was. Hy het dit eugenetika (rasverbeteringsleer) genoem. Rasverbeteringsleer is die wetenskap van die verbetering van die menslike 'ras' deur 'die beste met die beste' te laat voortplant. Galton het geglo dat natuurlike seleksie by die mens werk nie soos dit in die natuur werk nie, omdat mense met die proses inmeng. Gevolglik oorleef die sterkstes nie altyd nie. Van dié punt af was dit maklik vir sommige regerings om aktief betrokke te raak by die bevordering van biologiese manipulasie waartydens 'meerdere' elemente van die gemeenskap aangemoedig is om meer kinders te hê en 'mindere' elemente verhoed is om kinders te hê, by wyse van genadedood en sterilisasieprogramme vir geestesiekes, gestremdes en kinders van gemengde ras, soos wat in die VSA en Nazi-Duitsland gebeur het. In 1904 het Galton verduidelik hoe die rasverbeteringsleer volgens hom die menseras sou verbeter:

> Eugenetika is die wetenskap wat handel oor alle invloede wat die ingebore eienskappe van 'n ras verbeter en ontwikkel. Maar wat word met 'verbetering' bedoel? Ons moet morele kwessies so ver as moontlik uit hierdie bespreking laat, op grond van die bykans onoorkombare struikelblokke wat dit veroorsaak oor of 'n karakter as 'n geheel goed of sleg is. Die wesenlike kenmerke van eugenetika kan egter maklik omskryf word. Almal sal saamstem dat dit beter is om gesond as siek, sterk as swak, en goed toegerus teenoor swak toegerus te wees vir hul rol in die lewe. Kortliks, dat dit beter is om 'n goeie eerder as 'n swak voorbeeld van jou soort te wees, wat daardie soort ookal mag wees. Daar is 'n menigte botsende ideale of andersoortige karakters of onversoenbare beskawings wat nodig is om volheid en interessantheid aan die lewe te gee. Die doel van eugenetika is om elke klas of groep deur sy beste spesimen te laat verteenwoordig, wat sal veroorsaak dat hulle meer as hulle deel tot die volgende geslag sal bydra. As dit eers geskied het, moet hulle in vrede gelaat word om hul gemene beskawing op hul eie manier uit te werk ... . Eugenetika werk met die natuurwette saam deur te verseker dat die mensdom deur die sterkste rasse verteenwoordig word. Wat die natuur blindweg, stadig en meedënloos doen, kan die mens sorgsaam, vinnig en met empatie doen. Die verbetering van ons ras is een van die hoogste doelstellings wat redelikerwys nagestreef kan word.

**BRON 1B**

Hierdie illustrasie toon al die gebiede waarop die aanhangers van eugenetika in die Verenigde State gedink het dat die leer nuttig sou wees. Hierdie gebiede word in die wortels van die boom gelys. Hulle het geglo dat indien eugenetika toegepas word, dit tot 'n beter en meer harmonieuse gemeenskap sou lei. Die illustrasie is van die Amerikaanse Filosofievereniging.




**VERTALING:** - **EUGENETIKA**

- Eugenetika is die selfrig van menslike evolusie

- 

| | | |
|---|---|---|
| Anatomie | Argeologie | Onderwys |
| Fisiologie | Etnologie | Godsdiens |
| Biologie | Geografie | Psigiatrie |
| Genetika | Regte | Chirurgie |
| Psigologie | Statistiek | Medisyne |
| Geestestoetsing | Politiek | |
| Antropometrie | Ekonomie | |
| Geskiedenis | Biografie | |
| Geologie | Genealogie | |
| Antropologie | Sosiologie | |

- Soos 'n boom onttrek eugenetika materiaal uit baie bronne en organiseer dit in 'n harmonieuse entiteit.

**BRON 1C**

Hitler het die werk van die aanhangers van eugenetika in die VSA bewonder en baie van hulle idees in sy wette wat oor ras handel, gebruik. Lank voordat hy aan be-wind gekom het, het Hitler oor sy opvattinge oor rassesuiwerheid en rassehiërargie in *Mein Kampf* geskryf. Dit is sy outobiografie wat hy geskryf het toe hy in die gevangenis was. Hierdie uittreksels is uit *Mein Kampf* soos vertaal deur Ralph Manheim, 1969, pp. 195, 263, 279:

(a)

Waarvoor ons moet veg, is om die bestaan en voortplanting van ons ras en ons mense te beveilig ..., asook die suiwerheid van ons bloed, die vryheid en onafhanklikheid van die vaderland, sodat ons mense tot wasdom kan groei vir die verwesenliking van die opdrag [aan ons gegee] deur die skepper van die heelal.

(b)

Dit is sinloos om te bespiegel watter ras of rasse die oorspronklike verteenwoordigers is van die menslike kultuur en gevolglik die ware grondleggers is van wat ons onder die woord 'mensdom' saamvat. Dit is makliker om hierdie vraag ten opsigte van die huidige te stel, en hier word 'n maklike, duidelike antwoord gekry. Die hele menslike kultuur, al die prestasies op die gebied van die kunste, die wetenskap en tegnologie wat ons vandag voor ons sien, is bykans uitsluitlik die kreatiewe produk van die Ariese ras. Slegs die Ariër is die stigter van alle hoër vorme van menswees ... .